

6 DIE GESKIEDENIS VAN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA MET VERWYSING NA DIE HANTERING VAN KULTURELE VERSKILLE

6.1 INLEIDING

Net soos in hoofstukke 3, 4 en 5 vind die geskiedbeskrywing in hierdie hoofstuk nie op die gebruikelike manier plaas nie. Die konseptuele en teoretiese raamwerk wat in hoofstuk 2 ontwerp is, vorm ook die basis vir hierdie hoofstuk. Wat hier volg, is nie 'n sistematies-chronologiese uiteensetting van gebeure in die geskiedenis van die land self of die onderwys nie, maar die feite daarvan word aangebied binne die vermelde raamwerk. Op dié manier sal daar nagespeur en beskryf word hoe onderwys vir kulturele diversiteit in praktyk beslag gekry het in die onderwysvoorsiening van die leerders van Suid-Afrika.

Hoewel die doel van die navorsing was om gesigspunte uit die geskiedenis (historiese verlede) van ander lande te bekom vir doeleindes van die hantering van kulturele diversiteit in die onderwys in Suid-Afrika, is dit nodig geag om ook die hantering van kulturele veranderlikes (faktore) in die verlede van Suid-Afrika na te gaan. So 'n ondersoek bring aan die lig dat daar probleme en omstandighede in die Suid-Afrikaanse hantering van die kulturele diversiteit in die onderwys bestaan het wat duidelik en onteenseglik om oplossings roep. Sodanige “oplossings” of “gesigspunte” kan moontlik uit ander lande se hantering van onderwys vir kulturele diversiteit na vore kom.

6.2 DIE ROL VAN DIE VERSKILLENDEN BEVOLKINGSGROEPE

“The driving force that determines the direction and evolution of an educational system is the spiritual commitment of the people involved” aldus Behr (1984:3). In die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan hoofsaaklik drie bevolkingsgroepe onderskei word wat behoefte aan onderwys gehad het.

- Die inheemse swart stamme.

- Die gekleurde inwoners (bestaande uit Hottentotte, Boesmans, slawe, saam met die “nuwe” groep, die kleurlinge, en die Indiërgroep).
- Die groep wat gevorm is deur die afstammelinge van die blanke immigrante/koloniste/boere (onder andere Nederlanders, Franse en Duitsers), wat as Afrikaners bekend geword het, saam met die immigrante vanuit koloniale Brittanje, wat as immigrante/koloniste/veroweraars na Suid-Afrika gekom het, en ander mense van Europese afkoms (Van der Walt, 1994:123).

Die inheemse-/swart inwoners van Suidelike Afrika is in werklikheid ook immigrante, omdat die verloop van die geskiedenis aandui dat hulle teen die 11de eeu met 'n stadige trek vanaf Sentraal-Afrika na die suidpunt van Afrika begin het (Anon., 1988:612). Hulle was dus nie die oorspronklike inwoners van Suidelike Afrika nie. Dié onderskeiding kom waarskynlik die Koi-San en hulle voorsate toe (Savage, 1989:272). In dié ondersoek sal hulle egter beskou word as die inheemse bewoners of stamme, en later as die swart bewoners van die land, saam met die Koi-San.

Nadat inheemse/swart mense, by name die Xhosas, en die blanke/immigrante/koloniste groepe mekaar teen 1789 ontmoet het by die Groot Visrivier (Savage 1989:272), het 'n vyandigheid stadigaan teenoor mekaar ontwikkel. Die blanke dominansie oor die Koi-San en die swart groepe is deur die tegnologie van die blankes, soos hulle vuurwapens, verseker (Van der Walt, 1994:120). Hierna is die arbeid van die inheemse groepe algaande deur die immigrante/koloniste-inwoners gebruik en ook misbruik. Die swart mense het geen politieke of sosiale voorregte besit nie, hoewel hulle getallegewys die oorheersende groep was. Hulle kultuur is verontagsaam; die enigste kultuur wat erken is, was die Westerse. Dié toedrag van sake het met verloop van tyd gelei tot ontevredenheid by die inheemse mense en uiteindelik tot hulle verpolitisering. Die stigting van die *African National Congress* (ANC) in 1912 was 'n gevolg hiervan. Hierdie proses van politieke mobilisering was stadig, maar het uitgeloop op die toenemende militante optrede van die ANC en op botsings met veral die blanke regering en bevolking.

Hierdie proses het in 1952 begin toe die swart en gekleurde groepe 'n vorm van passiewe teenstand gebied het teen die paswette van die Suid-Afrikaanse regering. Dit kulmineer in die ongelukkige gebeurtenis van Sharpeville in 1960, waar 60 mense doodgeskiet is voordat rus en orde herstel is. Om 'n herhaling van dié gebeurtenis te voorkom, is alle teenstand teen die regering onderdruk en mense soos Nelson Mandela, van die ANC, is tot lang termyn tronkstraf gevonnis. Ander wat nie gevange geneem is nie, het die land uitgevlug (Kallaway, 1984:99; Oliver & Atmore, 1972:261).

Die finale fase van die bevryding van blanke oorheersing het in Junie 1976 begin toe 6 000 leerders in Soweto in opstand gekom het, oënskynlik teen die verpligte aanleer van Afrikaans in die skole, teen onderwys vir die swartes in die geheel en teen die beleidsrigtings van die regering van die dag. Dié opstande is gekenmerk deur die politieke betrokkenheid van verskillende rolspelers wat die skoolonderwys gebruik of misbruik het om politieke steun te mobiliseer teen die regering van die land (Desai, 1997:170; Steyn, 1991:66). Omdat die onderwys van die swart groepe nie verpligtend was nie, kon die polisie nie juis ingryp teen die ontwinging van die skole nie. Die *De Langeverslag* (1981) en die Onderwysvernuwingstrategie van 1991 lei wel tot veranderinge, maar dit los nie die probleem op nie (Steyn, 1991:67). Die transformasieproses in die land word eers voltrek met die oornamen van die regering deur die swart en gekleurde groepe ná 'n demokratiese verkiesing (1994) (Behr, 1984:195; Mncwabe, 1990:45; Morrow, 1989:137; Viljoen, 1994:80).

Nog 'n groep immigrante was die Indiërwerkers uit Indië wat in 1860 na Suid-Afrika gebring is om op die suikerplantasies in Natal te werk. Hulle kontrak met die regering was dat hulle na 5 jaar vry sou wees om te doen wat hulle wou. Hulle getalle is aangevul deur handelaars uit hulle vaderland. Hulle het, net soos die swart en gekleurde groepe, tot ongeveer 1961 byna geen politieke of sosiale voorregte geniet nie. In 1965 is alle Indiërsake verplaas van dié provinsies na die Departement van Indiërsake (Behr, 1984:165). Toe die Soweto-opstande in 1976 uitbreek, het hulle hul aangesluit by die strewes van die swart mense. Omdat die onderwys reeds vanaf 1976 onderbreek was, het die ouers in 1985/1986 Soweto die *National Education Crisis Committee* gestig in 'n poging om die leerders terug in die skole te kry. Omdat die onderwysbeleid nog steeds ontevredenheid veroorsaak het, het hulle "People's Education" beplan (Graham-Brown, 1991:167,168).

Die Europeërs het by hulle aankoms Boesmans en Hottentotte aangetref in die Kaap die Goeie Hoop. Die Hottentotte (Khoikhoi) het waarskynlik aan 'n ander ras as die swart kultuurgemeenskappe behoort. Hierdie groep het moontlik uit Oos-Afrika suidwaarts getrek. Hulle was nomade wat voortdurend met hulle vee na geskikte weivelde gesoek het. As gevolg van botsings met die blanke veeboere en die pokke-epidemie is hulle getalle drasties verminder. Die gevolg hiervan was dat hulle 'n swerwersbestaan gevoer het, of werk vir die blanke veeboere gedoen het (Cameron, 1986:29; Meier, 1994:128).

Die Boesmans (San) word as die oudste inwoners van Suidelike Afrika gereken. Hulle was uitsonderlike jagters, maar as gevolg van die onderlinge oorloë tussen die kultuurgemeenskappe het hulle by die blankes gaan werk as veewagters en hulle tradisionele leefwyse verloor (Cameron, 1986:36).

Vanweë die ontmoeting tussen die verskillende groepe, hulle saamlewe en vermenging het 'n nuwe groep tot stand gekom, naamlik die sogenaamde kleurlinge, wat eienskappe van die inheemse sowel as die immigrante-inwoners geërf het. Hierdie groep is later ook statutêr as “kleurlinge” by die slawe ingesluit wat uit die Ooste ingevoer is.

Die Europeërs het teen die 15de eeu weens verskeie oorwegings in Afrika begin belang stel (vergelyk 5.2). Een hiervan was die tegnologiese ontwikkeling van die tyd wat die “ontdekking” van Afrika moontlik gemaak het. Nog 'n dryfveer vir die ontdekkingsstogte was die soeke na onder andere goud, ivoor en speserye. Teen die begin van die Christelike jaartelling was Afrika bekend tot by Zanzibar en Dar-es-Salaam (Cameron, 1986:55).

Die belangstelling van die Europeërs het spoedig tot optrede oorgegaan toe Bartholomeus Diaz die Kaap in 1488 “ontdek” het. Nuwe tegnologie, en veral navigasiemetodes, het daartoe gelei dat die Europeërs 'n nuwer en beter roete na Indië begin soek het. Dit sou die handel met die Ooste vergemaklik. Die “pad” moes 'n korter seeweg wees as die bekende een (Thompson, 1990:31).

Dié strewe na 'n nuwe handelsroete na die Ooste het meegebring dat Afrika tot by sy mees suidelike punt verken is. Dié nadere ondersoek van die Kaap die Goeie Hoop het daartoe gelei dat die handelaars dit beskou het as 'n ideale plek om 'n verversingspos te skep vir die handelskepe op weg na die Ooste. Jan van Riebeeck is in 1652, deur die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie, die taak opgelê om 'n verversingspos te vestig (Bram, 1996:144; King, 1988:601; Thompson, 1990:33). Die stigting van 'n kolonie aan die Kaap was, anders as in die res van die koloniale wêreld, dus nie sendingywer of ontvlugting uit moeilike omstandighede in die vaderland nie, maar 'n poging om die oorlewing vir die Europese matrose op die handelskepe op pad na die Ooste te verseker. Die verversingspos het met ander woorde veral weens ekonomiese en humanitêre oorwegings tot stand gekom.

Baie spoedig ná die stigting van die verversingspos aan die Kaap het die Kompanjie sekere burgers/immigrante/koloniste “vrygelaat” van diens aan die Kompanjie (1657) om as vryburgers vir hulleself te boer. Die enigste voorwaarde was dat hulle hul produkte aan die Kompanjie moes verkoop. Hierdie mense het stadigaan verder van die Kaap weggetrek as gevolg van hulle uitgebreide veeboerdery (Cameron, 1986:62,65).

Teen 1795 was daar ongeveer 17 000 slawe aan die Kaap. Hulle was ingevoer as arbeiders en afkomstig uit Indië, Oos-Asië, Madagaskar en die vasteland van Afrika uit die gebied tussen Delagoabaai en Zanzibar. Hoewel die slawe as arbeiders ingevoer is, was daar vakmanne

onder hulle wat nodig was aan die Kaap en hulle kon vir hulself geld verdien (Cameron, 1986:70; Thompson, 1990:36).

Die blanke immigrante/koloniste uit Europa en die immigrante/swart mense uit Wes-Sentraal-Afrika het mekaar op hulle trekpaaië ontmoet in 'n gebied wat later bekend geword het as die Kaapprovinsie. Dit het aanleiding gegee tot talle botsings op die grense van dié provinsie (Cameron, 1986:72; Robertson, 1973:29; Oliver & Atmore, 1972:53). Hierdie botsings is vererger deur die optrede (Difaqane, 'n broedertwis) van die oorlogsugtige Zoeloeheersers in Natal. Hulle het hulle buurstamme aangeval, en dié voortvlugtelinge het ook op die trekpad van die koloniste/Trekkers beland. Dit het verdere botsings tussen die koloniste/Trekkers en die inheemse groepe meegebring.

Die koms van die Britte na die Kaap, ná afloop van die Napoleontiese oorloë, het verdere spanning veroorsaak. Die twee blanke groepe (Afrikaners en Britte) het naamlik nie met mekaar se beleidsrigtings akkoord gegaan nie (Bram, 1996:144; Behr, 1984:3; Rose, 1970:41). Dreigende konfrontasie tussen die twee groepe het die Boere/Afrikaner/Trekkergedeelte van die blanke bevolking op die trekpad na die noorde gedwing. As gevolg van die genoemde broedertwis tussen die swart stamme was die binneland oënskynlik onbewoon en kon die Trekkers/Afrikaners dieper die binneland indring (Cameron, 1986:125). Ongeveer 6 000 blankes het die Kaap verlaat: dit was 9% van die bevolking (Thompson, 1990:67). Hierdie “Groot Trek” (1837-1840) het aan die Afrikaner/Boer/Trekker die geleentheid verskaf om sy politieke opvattinge soos die apartheidsbeleid te laat vorm aanneem.

In die loop van die geskiedenis het die inheemse en die blanke/immigrante/koloniste nie eintlik sosiaal met mekaar verkeer nie, dog wel by die werksplekke gemeng, omdat die inheemse mense hulle arbeid aan die blanke koloniale heersers verkoop het om in die nuwe omstandighede te kan oorleef. Hierdie beleid van sosiale afgeskeidenheid, dog ekonomiese integrasie, is voortgesit in die ontwikkeling van die apartheidsbeleid in die gebied wat later bekend geword het as Suid-Afrika (Robertson, 1973:30; Van der Walt, 1994:122).

Selfs noord van die Kaapprovinsie was die Afrikaners/Boere, 'n “nuwe” blanke stam in Afrika, nie ontslae van Britse oorheersing nie. Die ontdekking van diamante (1886) en goud (1899) in die twee Boere-republieke (wat later as Transvaal en die Oranje Vrystaat bekend geword het) in die noorde het 'n toeloop van nog 'n groep immigrante, hierdie keer nie koloniste nie, uit Europa gebring wat bekend gestaan het as “Uitlanders” (Thompson, 1990:119). Hierdie nuwe aankomelinge het voortdurend by Brittanje gekla oor die behandeling wat hulle van die Boere-republikeinse regerings ontvang het. Dit het aan Brittanje gronde verskaf om

die Boere-republieke te annekseer. Dit is gedoen onder die voorwendsel dat Brittanje sy burgers teen diskriminasie en slegte behandeling van die kant van die Boere-republikeinse owerhede moes beskerm.

Dié konfrontasie het tot twee vryheidsoorloë tussen Brittanje en die Republieke gelei (1880-1881 en 1899-1902) waarin die Republieke uiteindelik hulle vryheid verloor het en hulle burgers weer eens Britse onderdane geword het (Bram, 1996:144,145; Robertson, 1973:30; Rose, 1970:42). Later het twee voormalige Britse kolonies (later die Kaapprovinsie en Natal) en twee voormalige Boere-republieke (later Transvaal en die Oranje Vrystaat) onafhanklikheid ontvang as die Unie van Suid-Afrika onder Britse beskerming (1910), en nog later as die onafhanklike Republiek van Suid-Afrika (1961) (Desai, 1997:169).

In die 1920's het die Britse anneksasie van die Republieke die Afrikaanse/Boere-gedeelte van die bevolking polities gemobiliseer teen die Britse kulturele oorheersing. Die Nasionale Party (1914) is gevorm onder leiding van generaal J.B.M. Hertzog. Een van die party se oogmerke was om die Afrikaner/blankes teen die oorwegend inheemse/swart bevolking te beskerm, veral in die arbeidsmark. So ontwikkel 'n beleid wat in die daaropvolgende jare as die “apartheidsbeleid” bekend sou staan. Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, is die apartheidsbeleid in sy volle konsekwensies toegepas. Dit het daarop neergekom dat elke groep afsonderlik moes ontwikkel, so ver as moontlik in sy eie gebied.

Daar was in wese slegs twee politieke kragte aan die werk in die land, naamlik die aspirasies van die wit teen dié van die swart gedeelte van die bevolking. Die apartheidsregering het die bevolking streng in groepe verdeel en al hoe meer gesofistikeerde metodes aangewend om die beheer te behou (Thompson, 1990:193). Allerlei oplossings is in die loop van tyd gesoek, soos byvoorbeeld die skepping van 'n Drie-kamer Parlement (1983). Daardeur kon meer bevolkingsgroepe betrokke raak by die regering van die land. Dit was egter reeds te laat vir sulke toegewings; die president van die Republiek van Suid-Afrika, F.W. de Klerk, was feitlik verplig om die verbode politieke organisasies te ontban, hulle leiers vry te laat en 'n demokratiese verkiesing uit te roep (Coutts, 1992:12; McKay, 1995:16). Met die landswye, demokratiese verkiesing in 1994 het die ANC die oorwinning behaal en het Nelson Mandela President van die Republiek geword. Op dié manier is die gehate apartheidsbeleid op 'n vreedsame wyse beëindig.

Die ontmoeting tussen die mense van Afrika en van die Weste aan Kaap die Goeie Hoop en verder in die binneland in, het verskil van enige ander dergelyke ontmoeting tussen die

inheemse mense van Afrika en die mense uit die Weste. In die geval van Suid-Afrika het die Westerlinge gekom om te bly, en nie net bloot as handelaars of tydelike setlaars nie.

Omdat hulle as permanente inwoners gekom het, het veral die immigrante/koloniste uit Nederland hulle sterk Reformatories-Protestantse lewensfilosofie kom uitleef, sowel as die norme en gebruike van die Westerse beskawing (Behr, 1984:4). Hierdie praktyke was nie slegs in die lewenswyse van die immigrante/koloniste te bespeur nie, maar is ook mettertyd oorgedra aan die ander inwoners van die gebied deur middel van die onderwys. Die dominansie van die Westerse kultuur in die onderwys is die gevolg van die feit dat die onderwys aanvanklik behartig is deur die Christelike kerke wat van Europese oorsprong was. Akkulturasie by die dominante kultuur was onafwendbaar, want die inheemse en gekleurde inwoners het die akkulturasie nodig geag om te kon oorleef op ekonomiese gebied (Behr, 1984:3,4; Oliver & Atmore, 1972:53; Rose, 1970:13,39; Ruperti, 1974:25).

6.3 KULTURELE VERANDERLIKES WAT STERK GEFIGUREER HET IN DIE ONDERWYSONTPLOOIING

Dieselfde kulturele veranderlikes wat in die VSA, Frankryk en Kenia 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die onderwys, het ook in die ontwikkeling van die onderwys van Suid-Afrika gefigureer. Vervolgens sal dié rol bespreek word.

6.3.1 Beskawing/beskaafdheid

Met die eerste ontmoeting van die blanke immigrante/koloniste, inheemse/swart en gekleurde groepe het die inheemse/swart groepe elk reeds 'n eie vorm van beskawing vertoon. Dit het egter verskil van dit wat die immigrante/koloniste as “beskawing” gesien het. Dit was derhalwe een van die oogmerke van die blankes/immigrante/koloniste met die onderwys van slawe en inheemse groepe om hulle te “beskaaf” in Westerse sin deur hulle in die godsdienste en kultuur van die Weste in te lei (Harley, 1992:29,30; Kallaway, 1984:8,9; Steyn, 1991:106) (vergelyk 2.2.3.3).

In die verskillende politieke eenhede wat later as Suid-Afrika bekend sou staan, het dit beteken dat die blanke/Westerse/immigrante kultuurdominant geword en oorheers het, en die inheemse swart kultuur dikwels oor die hoof gesien het. Die gevolg hiervan was noodgedwonge akkulturasie van die swart sowel as die gekleurde groepe, om te kan oorleef.

6.3.2 Ekonomiese verskille/sosio-ekonomiese status

Sosio-ekonomiese status is van die begin af gesien in terme van kleur van die ras/vel. Die inheemse swart bewoners was aanvanklik nomade en die koloniste was mense wat eiendom wou bekom om te bewoon en te werk. Die gevolg hiervan was dat die inheemse mense voortdurend hulle grond verloor het as hulle dit verlaat het (vergelyk 6.2). As gevolg van die onderlinge oorloë van die swart mense was hulle dikwels op die vlug, en het hulle hul grond verlaat. Die Trekkers/Boere het die grond beset en die swart mense het mettertyd by die blankes/Trekkers/Boere begin werk om ekonomies te kon oorleef. Hierdie patroon sou vir baie jare die basis wees waarop die samelewing funksioneer (vergelyk 6.2).

Hierdie inheemse/swart arbeid is deur die blanke gedeeltes van die bevolking uitgebuit deur lae lone te betaal, juis omdat die swart mense weinig opleiding gehad het. Die gevolg hiervan was dat die inheemse/swart bewoners van die land, volgens Westerse standaarde, verarm het.

Hierteenoor het die blanke/Trekker/Boere/Afrikaanse asook die Engelse gedeelte van die bevolking ekonomies beter gevaar. Die Afrikaanse gedeelte van die bevolking is aan die einde van die 19de eeu en begin van die 20ste eeu as gevolg van hulle oorloë teen Brittanje asook verwoestende droogtes gedwing om te wedywer met die swart mense op die ongeskoolde-arbeidsmark (Mncwabe, 1990:8). Dit was veral om dié rede dat die Nasionale Party deur wetgewing die blanke teen die swart man wou beskerm. Blankes het egter, anders as die swart mense, geleenthede gekry om vooruit te gaan, onder meer weens beter opleidingsgeleenthede (vergelyk 2.2.3.5). As gevolg van beter onderwys en beskerming van owerheidsweë kon die blanke op die arbeidsterrein oorheers (Graham-Brown, 1991:155).

6.3.3 Geletterdheid

Vir die blanke/Trekker/Boer/Afrikaner/Engelse gedeelte van die bevolking het geletterdheid 'n belangrike plek in die lewe ingeneem. Dié feit moet toegeskryf word aan die godsdienst, want volgens die Protestantse leer moes elke persoon self sy Bybel kon lees. Daar was egter ook 'n praktiese sy aan geletterdheid verbonde, want die vee moes gedurig getel word en handel moes gedryf word. Om dit te kon doen moes 'n persoon kon lees, skryf en reken. Om hierdie redes was 'n vorm van onderwys baie vroeg in die geskiedenis van Suid-Afrika noodsaaklik.

Onderwys was ook nie beperk tot nét die blanke leerders soos in Amerika nie (vergelyk 3.2 en 6.2). In die Kaap het die slawe eerste 'n vorm van “formele” onderwys in die Kasteel onder-

gaan na 1658. Met die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie, veral ná die ontdekking van goud en diamante (middel van die 19de eeu), was geletterdheid van groot belang omdat 'n geletterde amptenary nodig was in die nuwe industrieë wat ontwikkel het. Só belangrik was onderwys dat onderwys vir blankes nie eens gedurende die jare van die Anglo-Boere-Oorlog (1899-1902) gestaak is nie. Daarvoor was die kampskole vir die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking gestig, met die gevolg dat die kampkinders as geletterdes uit die oorlog getree het. Brittanje het ook ná die Tweede Anglo-Boere-Oorlog (1899-1902) dadelik probeer om swart en gekleurde onderwys te organiseer. Daar is reeds met dié organisasie in 1903 begin (Coetzee, 1963:443).

Teen 1905 het onderwys vir blankes vry en verpligtend geword (Behr, 1984:26; Pells, 1954:79). Hierdie voorreg is baie later eers aan die ander bevolkingsgroepe toegeken. Alhoewel onderwys vir swart en gekleurde leerlinge nie gratis of verpligtend was nie, was hulle nie deur wetgewing uit die onderwys gehou nie (vergelyk 2.2.3.7).

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika (1910) is 'n aantal kolleges en universiteite spesiaal vir die opleiding van swart en gekleurde mense opgerig, soos die Universiteite van die Noorde, Fort Hare en van Zoeloeland. Verder het die swart en gekleurde mense ook toegang verkry tot Unisa (Pells, 1954:99,115,120,106,122; Behr, 1984:217,223,224).

Om onderwys vir swartes meer doeltreffend te maak is die *Eiselen-kommissie* in 1951 aangestel om ondersoek in te stel na omstandighede in onderwys vir swart mense en die nodige aanbevelings te maak (Behr, 1984:178; Kallaway, 1984:88; Coutts, 1992:2). Die gevolg hiervan was dat alle aspekte van swart en gekleurde onderwys staatsondernemings geword het, hoewel die ouers nog skoolgeld moes betaal (Behr, 1984:180,183,184; Leonie, 1965:109). Die ouers, ANC en die onderwysers was besig om onderwys hervorming te eis en dit het gelei tot die oprigting van “privaat”-skole vir swart leerders (Coutts, 1992:3; Kallaway, 1984:85-88; McKay, 1995:1995:1). Die *De Lange-verslag* (1981) het voorgestel dat alle leerders gelyke voorregte moes bekom (vergelyk 6.2). Die voorstelle was te laat om enige invloed op toestande in die land te hê.

Volgens die nuwe Grondwet van die RSA (1996) het die regering die wens dat alle burgers geletterd sal wees (Van Rensburg, 1997:2). Om geletterd te wees beteken, volgens Heese (1992:106), om te kan lees, skryf en reken sodat 'n persoon in die samelewing kan funksioneer. Dit is nodig vir elkeen in die land om geletterd te wees sodat hy 'n nuttige burger kan wees (vergelyk 2.2.3.7).

6.3.4 Geslagtelikheid

Daar is geen aanduiding in die literatuur wat geraadpleeg is, dat daar ooit enige vorm van diskriminasie teen enige van die geslagte in die onderwys was nie (vergelyk 2.2.3.8).

Die nuwe Grondwet van die RSA (1996) bepaal dat elke persoon die reg het tot basiese onderwys en dat dit die staat se plig is om onderwys te voorsien. Omdat elkeen die geleentheid gegun moet word om sy volle potensiaal te ontwikkel, mag daar nie diskriminasie op grond van geslag of ras of enige ander vorm van vooroordeel wees nie. Dit word aanvaar dat daar aparte skole vir seuns en dogters kan wees (Potgieter, Visser, Van der Bank, Mothata & Squelch, 1997:5,6).

6.3.5 Gestremdheid

Voor Uniewording (1910) was die politieke eenhede waaruit Suid-Afrika saamgestel is, nie finansieel in staat om vir spesiale onderwys voorsiening te maak nie (vergelyk 2.2.3.9). Ná Uniewording het alle buitengewone onderwys, onder meer vir gestremdes, berus by die Departement van Unie-Onderwys en was fondse makliker bekombaar vir die provinsies wat dit moes reël (Behr, 1984:21).

Natal was die eerste provinsie van die Unie wat hom bemoei het met spesiale onderwys - dit was daar reeds in 1925 beskikbaar (Coetzee, 1963:252). Transvaal was die tweede provinsie wat spesiale onderwys voorsien het. Dáár het dit vanaf 1933 bestaan (Coetzee, 1963:328). Daar is ook in 1948 in Transvaal 'n wet afgekondig om spesiale skole vir afwykende kinders te skep (Coetzee, 1963:345). Hierdie dienste is ná 1948 met verdere dienste aangevul vir ander gestremdes. Natal het effens agter Transvaal geraak omdat sy sielkundige dienste eers in 1944 geskep is (Coetzee, 1963:267). Dieselfde dienste wat in Transvaal en Natal beskikbaar was, het in die Kaapprovinsie eers in 1950 hulle verskyning gemaak (Coetzee, 1963:107) (vergelyk 2.2.3.9).

Volgens die Skolewet van 1996 moet die plasing van 'n leerder met spesiale onderwys-behoefte deur die Departementshoof en die skoolhoof gedoen word met dien verstande dat die regte en die wense van die ouer van sodanige leerder in ag geneem moet word (SA, 1996:7).

6.3.6 Godsdien

Net soos in die geval van die ander koloniale state, soos die VSA en Kenia, en ook in die geval van 'n staat soos Frankryk, het die kerk 'n reuse-aandeel deur die eeue aan die onderwys van die leerders van die land gehad. In Suid-Afrika, soos in Kenia, was die kerk veral betrokke by die onderwys van die leerders van die inheemse groepe. Omdat skole groei uit die samelewing waarin hulle funksioneer, word hulle beïnvloed deur die politiek, godsdien, norme en dies meer van die dominante groep in die samelewing (Behr, 1984:3; Luthuli, 1981:20; Morrow, 1989:171). Daarom het onderwys in Suid-Afrika aanvanklik apart ontwikkel vir elke bevolkingsgroep.

Net soos in Kenia was 'n vorm van onderwys en opleiding vir die jeug nie onbekend by die inheemse mense in Suid-Afrika nie (Rose, 1970:46). Hierdie mense het 'n eie vorm van onderwys vertoon waardeur, soos Van der Walt (1994:119) dit stel, "...die opkomende geslag ingelei is in die gebruike van die kommunale lewe van die stam of groep. Ook die geheime van die nomadiese lewenswyse is aan die kinders oorgedra".

Dié vorm van onderwys was egter nie geskik vir die toestande wat die koloniale heersers geskep het nie; 'n Westerse vorm van onderwys is daarvoor nodig geag. 'n Ander kultuur (Westers) is daarom deur die onderwys oorgedra. Onder invloed van die sendelinge uit die Westerse lande het die skole die Westerse kultuur gesien en oorgedra as die dominante kultuur. Die sendelinge was self Westeringe en het nie die waarde besef wat die inheemse Afrika-kulture gehad nie (Coetzee, 1963:3; McKerron, 1934:156; Van der Walt, 1994:40).

Die eerste vorm van onderwys aan die Kaap was gerig op die Christelike godsdien. Die sieketrooster was ook die eerste onderwyser. Dit was sy taak om die blanke immigrante-/koloniste-leerders voor te berei om in die kerk belydenis van geloof af te lê en dit moontlik vir hom te maak om sy Bybel te kan lees (Behr, 1984:4). Selfs die skeiding tussen rasse en kleure in die onderwys is op aandrang van die kerk in 1676 deur kommissaris Van Rhee de begin. Op hierdie stadium het die kerk aan die Kaap dus die blanke onderwys oorheers.

Algemene onderwys het aan die Kaap 'n aanvang geneem in 1658 toe 'n skool vir die slawe-kindere in die Kasteel geskep is. Dit was ook die blanke immigrante-/koloniste-leerders se eerste "akademiese" skool omdat hulle vanaf 1663 toegelaat is om dié skool by te woon.

George Schmidt, 'n sendeling van die Morawiese sending, het eers vanaf 1737 begin om onderwys aan inheemse en gekleurde leerders te verskaf wat nie in die Kaap self gewoon het

nie. Aanvanklik was sy onderwys slegs vir die Hottentotkinders bedoel (Coetzee, 1963:21; Leonie, 1965:51; McKerron, 1934:158). Van hierdie tyd af het die onderwys vir die inheemse en gekleurde groepe op die skouers van die sendelinge gerus. Kerkgroepe wat aanvanklik hierin aktief was, was onder meer die Morawiese en Londense Sendinggenootskappe (Coetzee, 1963:40; Behr, 1984:173).

Met die permanente (tweede) besetting van die Kaap deur Brittanje in 1806 was die onderwys van die inheemse en gekleurde leerders nog steeds deur die kerk beheer, maar het die gedagte onder die blankes/Boere begin posvat dat die kerk en staat saam verantwoordelik moes wees vir die onderwys van hulle leerders. Die gedagte het teen ongeveer die laaste drie dekades van die 19de eeu uiting gevind toe die regerings van die twee Afrikaanse/Boere-Republieke onderwys voorsien het vir blanke leerders, en sodoende die kerk uitgesluit het uit die organisasie van die blanke onderwys (Coetzee, 1963:283; Pells, 1954:47).

Die kerk het egter steeds die onderwys van die swart en gekleurdes hanteer. Die aantal sendinggenootskappe wat onderwys vir swartes verskaf het, het deur die jare gegroei en teen die einde van die 19de eeu was die Hollandse Kerke, die Berlynse, Kaapse en Londense Sendinggenootskappe, die Vrye Evangeliese Kerk van Switserland, die Engelse *Missionary Society* en die Wesleyaanse Kerk werksaam in Suidelike Afrika. Na Uniewording (1910) het onderwys vir swartes en gekleurdes die taak van die verskillende provinsies geword, maar teen 1950 was die sendingskole nog die ruggraat van die swart en gekleurde onderwys (Pells, 1954:109). Die onderwyswet van 1953 het skole vir swartes en gekleurdes tot staatsondernemings verklaar, maar onderwys was nog nie gratis nie en die kerk het steeds sy groot aandeel daarin behou (Behr, 1984:180,183,184; Mogomba & Nyaggah, 1980:61; Thompson, 1990:196).

In die tagtigerjare van die 20ste eeu is alle vorme van onderwys vir swartes en gekleurdes verwerp, nie omdat die kerk dit verskaf het nie, maar weens die politiek (*in casu* apartheidsbeleid) van die owerheid van die land.

Die Skolewet van 1996 wat deur die demokraties verkose ANC-regering opgestel is, bepaal dat “elke persoon die reg het om 'n vrye gewete te hê, godsdiens te kies en vrye denke te beoefen”. Met ander woorde, die invloed van veral die Christelike godsdiens word in die Onderwyswet beperk. Die beoefening van godsdiens word in die Onderwyswet omskryf. Behoudens die bepaling ten opsigte van godsdiens in die onderwys soos in die Grondwet van 1996 vasgelê, en ook soos bepaal in enige toepaslike provinsiale wet kan godsdiensbeoefening by 'n openbare skool gehou word. Dit moet egter gebeur ingevolge reëls wat deur die beheer-

liggaam uitgevaardig is. Sodanige beoefening moet op 'n billike wyse geskied en die bywoning daarvan deur leerders en personeellede moet vry en vrywillig wees (SA, 1996:7)). Dit word ook bepaal dat daar teen niemand gediskrimineer mag word op grond van sy geloof nie. By privaatskole kan godsdienstige oortuigings wel 'n rol speel by die toelatingsbeleid, maar selfs hier word dit beperk (Visser & Potgieter, 1996:9) (vergelyk 2.2.3.10).

6.3.7 Immigrante/herkoms

Die meeste inwoners van Suid-Afrika kan as “immigrante” beskou word (vergelyk 2.2.3.12). Die blankes, sowel as die swart stamme wat uit die Wes-Sentraal-Afrika gekom het, het mekaar aan die suidpunt van Afrika ontmoet. Die Indiërs en slawe is hierna deur die blanke oorheersers ingevoer om as arbeiders te dien. Daar is aanduidings dat swart stamme reeds voor die 11de eeu hulle trek na die suidpunt van Afrika begin het (vergelyk 6.2).

Die Europeërs, in die persone van die Portugese Bartholomeus Diaz en sy mede-seevaarders, het hulle reise eers lank daarna, in 1488 begin. Hulle wou om die Kaap die Goeie Hoop seil na die Ooste om daar handel te dryf. Die blanke en swart immigrante/koloniste het aan die Kaap die Goeie Hoop ook Boesmans en Hottentotte teengekom, die Koi-San (Anon., 1989:272). Hierdie groepe was waarskynlik ook uit Midde-Afrika afkomstig (vergelyk 6.2).

Die swart mense het uit verskillende groepe bestaan en die immigrante/koloniste wat hier aangeland het uit Europa, was ook veelvolkig van aard, naamlik (onder meer) Nederlanders, Franse, Duitsers en Engelse. Die volkskultuur in Suid-Afrika vertoon dus uit die staanspoor 'n pluraliteit of diversiteit (Anon., 1989:272,273; Thompson, 1988:612).

6.3.8 Individualiteit

'n Algemene gevolgtrekking oor die individualiteit van die bevolking kan gemaak word na analogie van die Amerikaanse geskiedenis. Omdat die inwoners van “Suid-Afrika” op die uitgestrekte vlaktes van dié land so afgesonderd van mekaar gewoon het, en in primitiewe omstandighede, het hulle 'n vorm van onafhanklikheid ontwikkel om te kan oorleef (vergelyk 2.2.3.13). Die digtheid van die bevolking weg van die Kaap in die tyd van die Kompanjie was ongeveer 2 persone per vierkante kilometer (Cameron, 1986:66,67). Hierdie eienskap kom ook tot uiting in die Trekkers se opstandige optrede teenoor Brittanje wat hulle wou oorheers (Behr, 1984:4). Hierdie kenmerk het waarskynlik ook veroorsaak dat die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking hulleself van die begin af as die heersers en die meerderes van die

inheemse groepe beskou het. Hulle het hulleself ook as 'n nuwe Afrika-bevolking, afgesonderd van hulle Europese oorsprong, gesien (King, 1988:602).

Die twee sterkste groepe onder die swart mense met wie die immigrante/koloniste/Boere in aanraking gekom het, was die Xhosas en die Zoeloes. Die blanke setlaars het herhaaldelik met die Xhosas gebots (18de eeu) op die grense van die destydse Kaapprovinsie. Die sterkste teenstanders was egter die trotse en oorlogsugtige Zoeloestam, onder leiding van Shaka Zulu (Taylor, 1994:40,41,52,53).

Volgens die Grondwet van Suid-Afrika (1996) moet leerders leer om in groepe saam te werk sodat hulle 'n begrip kan ontwikkel vir die wêreld as 'n groepverwante stelsel waardeur probleemoplossingskontekste nie in isolasie staan nie. Ook moet hulle opgelei word as verantwoordelike burgers om deel te neem aan die lewenswyse van plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskappe (Van Rensburg, 1997:4). Met ander woorde: individualiteit word dikwels eerder as 'n probleem beskou en nie as 'n aanwinst nie.

6.3.9 Industrialisasie (vlak van)

Industrialisasie het in Suid-Afrika veral ná die ontdekking van diamante en goud aangebreek (vergelyk 2.2.3.14 en 6.2). Hierdie ontdekkings het verreikende gevolge gehad veral vir die twee Boere-republieke. Duisende buitelanders van alle rigtings het na die Republieke gestroom en politieke probleme veroorsaak wat aan Brittanje die geleentheid gebied het om in Republikeinse sake in te meng. Dit lei weer tot oorloë en die uiteindelijke anneksasie van die gebiede. Daarna kon industrialisasie rustig voortgaan tot op hede (Pells, 1954:124). Vandag lewer Suid-Afrika 40% van die vervaardigde produkte van Afrika, wek 50% van die elektrisiteit op en besit 40% van die motors en telefone in Afrika, terwyl die bevolking maar ongeveer 4% van die bevolking van Afrika uitmaak. Teen 1988 het vervaardigers 70% van die nasionale produksie gelewer (King, 1988:601).

Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse ekonomie vinnig besig is om weg te beweeg van een wat op landbou berus. Die gevolg hiervan is dat 'n groter aantal opgeleide werkers nodig is om die arbeidsmark te bevredig. Daarom het die *De Lange-verslag* van 1981 reeds 'n verandering in die onderwysbeleid voorgestel (King, 1988:601).

6.3.10 Kultuur (volks- of etniese)

Na die volksplanting aan die Kaap is die volkskulture van die inheemse groepe skynbaar oor die hoof gesien, maar dit wil nie voorkom asof daar doelbewus probeer is om dit te vernietig nie. Die Westerse vorm van onderwys, verskaf deur die sendelinge, het egter die kultuur van veral Europeërs, Engelse en Amerikaners oorgedra, en dit het in die praktyk sterk en ontwrigtend ingewerk op die tradisionele volkskultuur van die inheemse bevolkingsgroepe (vergelyk 2.2.1). Die hele samelewing is mettertyd op Westerse patroon georganiseer. Onder apartheidsregerings ná 1948 is die verskillende bevolkingsgroepe aangemoedig om die eie volkskultuur uit te leef.

Selfs ná 1994 toe die ANC aan bewind gekom het, was volkskultuur as sodanig nie geproblematiseer deur die staat nie. Taal is eerder as 'n vraagstuk van die nuwe bedeling beskou. Volgens die Grondwet word daar 11 tale as amptelike tale in Suid-Afrika erken. Elke leerder het die reg om in die taal van sy keuse onderrig te kry, indien moontlik (Potgieter *et al.*, 1997:54). Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) bepaal: “Everyone has the right to use language and participate in the cultural life of their choice, but no one exercising these rights may do so in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights” (SA, 1996:15). Uit die aard van die oorheersing van die swart groepe kry die verskillende inheemse volkskulture tans meer aandag as voorheen.

6.3.11 Morele waardes

Die inheemse swart groepe het hulle waardes en norme aan hulle jongmense in die stamskole oorgedra (vergelyk 6.2). Omdat Westerse onderwys vir die gekleurde groepe aan die Kaap die Goeie Hoop aanvanklik deur die kerk aangebied is en die kurrikulum hoofsaaklik die inhoud van die Bybel was, is die morele waardes van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing aan die leerders oorgedra.

Mogomba en Nyaggah (1980:12) beskryf die sendingonderwys vir die gekleurde groepe as “...not just a process of acquiring knowledge; it also was a way of living and feeling” (vergelyk 2.2.3.19) (Behr, 1984:5; Coetzee, 1963:5,9). Gedurende die verdere ontwikkeling van die onderwys het onderwys vir gekleurdes gebly by die waardes van die Christelike godsdiens, terwyl by die blanke leerders die godsdiensonderrig 'n mindere plek begin inneem het.

Saam met die beginsels van die Christelike godsdiens is die beginsels van nederigheid, gehoorsaamheid en die onbevraagtekende navolging van die wyse van optrede wat deur die

sendelinge voorgehou is aan die leerders tuisgebring (Mogomba & Nyaggah, 1980:4,5). Godsdiensoonderrig het egter nog 'n belangrike deel van die onderwys van swartes en gekleurdes gebly omdat die meeste skole vir swartes tot in die vyftigerjare van die twintigste eeu nog deur die sendelinge aangebied is (Behr, 1984:191).

Omdat die swart en gekleurde mense so onderdruk was op allerlei maniere, het die ANC 'n meer mensgerigte onderwysideologie ontwikkel in sy beleid. Volgens die nuwe Grondwet van Suid-Afrika (1996) behoort leerders godsdienste te verstaan, asook hulle eie geestelike aard te begryp (Van Rensburg, 1997:11). As gevolg van hierdie denkrigting is daar byvoorbeeld godsdienstvryheid in die skole, maar dit word anders as voorheen vertolk. Een bepaling is dat die bywoning van godsdiensoefening vrywillig is (SA, 1996:8) (vergelyk 2.2.3.19).

6.3.12 Nasionale eenheid/nasionalisme

Onderwys in Suid-Afrika is selde as middel gebruik om nasionale eenheid aan te wakker, omdat onderwys juis die verskillende groepe van mekaar geskei het (vergelyk 2.2.3.20).

Afrikaner-nasionalisme is gebore uit die Groot Trek. Dié gebeurtenis het vorm aan die republikeinse opvattinge van die Afrikaner gegee, die behoud van sy identiteit verseker en sy rassebeleid vasgelê (Cameron, 1986:127). Ná die oorloë teen Brittanje het die optrede van die Britse regering bygedra tot die groei van Afrikaner-nasionalisme. "Far from destroying Afrikaner nationalism, Chamberlain and Milner, Roberts and Kitchener were the greatest recruiting agents it ever had", aldus Thompson (1990:145).

Die Christelik-nasionale Onderwys wat vir die blankes deur die Nasionale Party-regering voorgestaan is, is in die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid* van 1965 uiteengesit. Dit kan moontlik as 'n vorm van onderwys beskou word wat nasionalisme kon kweek (Desai, 1997:155; Meier, 1994:162).

Die optrede van leerlinge, ouers en politici van die swart groepe in die periode ná 1980 moet gesien word as 'n uiting van swart en gekleurde nasionalisme. Swart en gekleurde ouers, leerlinge, onderwysers en politici het saamgespan om deur middel van die opstandigheid in die onderwys veranderinge deur die blanke regering af te dwing, onder andere deur die aandag te vestig op die kulturele diversiteit in die land, asook die ondoeltreffende onderwys vir die swart en gekleurde groepe (Meier, 1994:167,168,169).

6.3.13 Ras/kleur

In Suid-Afrika is daar aanvanklik nie 'n onderskeid gemaak in die onderwys van die verskillende rasse (vergelyk 2.2.3.27) in die bevolking nie. Die eerste skool wat in 1658 in die Kasteel geskep is, was in werklikheid vir die slaweleerders bedoel, maar vanaf 1663 was alle leerders vry om dit by te woon (Coetzee, 1963:3; Robertson, 1973:28; Van der Walt, 1994:40) (vergelyk 6.2). Op aandrang van die kerk het kommissaris Van Rhee in 1676 die skeiding in die onderwys op grond van kleur geskep (Coetzee, 1963:406; Leonie, 1965:48).

Van hierdie punt af het onderwys op verskillende vlakke ontwikkel. Die blanke Trekkeleerders het een of ander vorm van onderwys, soos dit prakties aangebied kon word op die verafgeleë plase, ondergaan (Behr, 1984:6). Vandat George Schmidt by Genadendal in 1737 die onderwys vir die Hottentotte begin het, het inheemse en gekleurde onderwys by die sendinggenootskappe as sodanig berus (Coetzee, 1963:21,410; Leonie, 1965:51). So het Kicherer en Edwards byvoorbeeld onder die Boesmans gewerk en Van der Kemp onder die Xhosas (Coetzee, 1963:413).

Dit moet gemeld word dat die staat tot op dié punt nêrens voorkeur aan een of ander groep se onderwys gegee het nie; elkeen moes maar klaarkom met dit wat beskikbaar was (Behr, 1984:173; Pells, 1954:130). Die enigste kenmerk van onderwys wat op hierdie stadium opvallend was, was dat die inheemse en die gekleurde groepe nie met die blanke/immigrante-groepe saam skoolgegaan het nie.

Stadigaan het die verskillende regerings van die state in Suidelike Afrika die onderwys van die blanke leerders oorgeneem van die ouers en die kerke, maar nie dieselfde verantwoordelikheid vir onderwys van enige ander deel van die bevolking se leerders aanvaar nie. Teen 1905 was onderwys vir blanke leerders reeds verpligtend en vry, maar dié reël het nie vir die ander groepe gegeld nie (Behr, 1984:176; Coetzee, 1963:175; Pells, 1954:77). Kleurling- en Indiëronderwys was elk as apart beskou en ook as apart van dié van die swart mense (Coetzee, 1963:445; Grobler, 1989:12). So het daar byvoorbeeld geen onderrig vir swart of

gekleurdes in die Boere-republieke plaasgevind gedurende die Anglo-Boere-oorloë nie, maar daar was wel kampskole georganiseer vir die blanke/Boere-kindere.

Ná Uniewording (1910) is die verantwoordelikheid vir swart en gekleurde onderwys aan die provinsies toegeken, maar teen 1950 het die sendingskole nog die swart en gekleurde onderwys gedra (Mogomba & Nyaggah, 1980:61). Die Onderwyswet van 1953 was 'n direkte uitvloeisel/gevolg van die ondersoek van die *Eiselen-kommissie* (1951), wat deur die regering aangestel was. Volgens dié voorstelle was swart onderwys 'n staatsonderneming, maar die probleem was dat dit nog nie gratis was nie, en dit vir mense wat reeds finansiële beperk was (Behr, 1984:180,183,184; Coetzee, 1963:465; Leonie, 1965:109).

In later jare is die Universiteite van Fort Hare, van Zoeloeland en van die Noorde gestig vir swart en gekleurde studente en hulle het ook toegang tot Unisa verkry, sodat daar vir hulle ook tersiêre inrigtings was, want toegang tot die “blanke” universiteite was beperk. Streng kontrole is van owerheidsweë oor die universiteite vir swart en gekleurde studente uitgeoefen (Mogomba & Nyaggah, 1980:75,76).

Toestande in die onderwys van swartes en gekleurdes het vanaf 1976 tot ontevredenheid gelei en leerders het in opstand gekom daarteen (vergelyk 6.2). Indiër- en kleurlingleerders het hulle uit simpatie by die swart leerders geskaar in hulle verset teen die onderwysbeleid van die apartheidsregering (Behr, 1984:284). Hierdie gebeure lei tot die aanstelling van die *De Lange-kommissie* (1981), en tot bepaalde hervormings op grond daarvan (Mncwabe, 1990:46; King, 1988:604).

Die ideologie van die *Black Consciousness-beweging* het deurgedring tot die swart stedelike skole en onderwys is gedurende die jare na 1976 misbruik vir politieke gewin (Thompson, 1990:212; Viljoen, 1994:82). Dit het die middelpunt en speelbal geword in die politieke stryd. Die onrus in die onderwys het gelei tot die uitroep van twee noodtoestande (1985 en 1986) deur die regering van die dag (Thompson, 1990:235). Dit het egter nie die oplossing gebied of vrede herstel nie. In 1990 het die Suid-Afrikaanse owerheid die beleid van afsonderlike ontwikkeling formeel laat vaar en was skole “oop” vir leerders van alle rasse (Van der Walt, 1994:124).

Die Skolewet van 1996 bepaal dat openbare skole alle leerders moet toelaat en hulle opvoedkundige behoeftes moet dien sonder enige diskriminasie, niesteenstaande die feit dat toelatingsvereistes tot 'n skool deur die beheerliggaam van die skool bepaal word (SA, 1996:7). Alle skole is dus vir alle leerders oop.

6.3.14 Taal/voertaal

Die tale in Suid-Afrika het uit die staanspoor 'n probleem geskep (vergelyk 2.2.3.32). Die blankes, swartes en die gekleurde groepe het verskillende onverwante tale gepraat. Engels en Afrikaans het die dominante tale van die land geword, en die Nasionale Party regering het ná 1948 aangedring op moedertaalonderrig. Onder andere het die gedwonge gebruik van Afrikaans in die onderwys gelei tot opstand deur die leerders teen die regering van die dag in 1976. Hoewel hierdie opstandigheid tot in die 1990's aangehou het, het dit tog uiteindelik die beoogde uitwerking gehad (Graham-Brown, 1991:156; Desai, 1997:170).

Tans, in die nuwe bedeling (na 1994), word pogings aangewend om aan alle tale reg te laat geskied. Omdat daar egter 'n groot aantal tale (11) in die land is, word Engels as die *lingua franca* gebruik as mense nie mekaar se tale magtig is nie. Die nuwe taalbeleid (SA, 1997:10) stel dat 'n beleid gevolg sal word waar 11 tale as amptelik aanvaar word, maar meertaligheid aangemoedig sal word sonder dat die huistale vervang sal word (Desai, 1997:171).

In die onderwys is leerlinge en ouers teoreties vry om 'n keuse te maak oor watter taal die leerling as voertaal sal gebruik. Die beheerliggaam van 'n openbare skool kan die taalbeleid van die skool bepaal behoudens die Grondwet en enige toepaslike provinsiale wet. Geen rasse-diskriminasie mag egter in die uitvoering van die beleid plaasvind nie. Selfs 'n erkende gebaretaal het die status van 'n amptelike taal vir die doeleindes van onderrig in 'n openbare skool (SA, 1996:9).

Op die oomblik word Afrikaans of Engels meesal as voertaal gebruik omdat daar nie altyd handboeke in die Afrikatale beskikbaar is nie. Nog 'n rede vir hierdie keuse is dat die leerders nie maklik 'n Afrikataal as voertaal sal kies nie, omdat hulle meen dat dié tale hulle “ghetto-ize” (beperk) (Desai, 1997:175).

Hierdie benadering strook met die feit dat individuele veeltaligheid, en veeltaligheid in die gemeenskap vandag oor die wêreld heen, en veral op die Afrikakontinent, die norm is (SA, 1997:10).

6.3.15 Vooroordele

In die Suid-Afrikaanse onderwys was die opvallendste vooroordeel dié van kleur en ras (vergelyk 2.2.3.36). Daar is nie konsekwent gediskrimineer teenoor byvoorbeeld dogters, of op grond van ouderdom of klas nie. Swart dogters is soms deur die ouers gedwing om die skool

te verlaat om na die ander kinders in die familie om te sien of om jonk te trou (Graham-Brown, 1991:163). Dit was nie die geval by ander groepe nie.

Die blanke/immigrante-/koloniste-ouers het vanaf hulle aankoms aan die Kaap 'n vorm van onderwys vir hulle leerders gebied. Die inheemse/swart ouers het hulle tradisionele skole gehad, maar die aard daarvan was ver verwyderd van die Westerse vorm van onderwys wat toe in die samelewing bekend gestel is. Die sendelinge het aan die swart en gekleurde leerders onderwys verskaf, en nie in die eerste instansie aan die blanke leerders nie. Niemand is egter uitgesluit van die onderwys nie. Die enigste onderskeid wat taamlik konsekwent gemaak is, was dat alle rasse en kleurgroepe in die bevolking nie saam skoolgegaan het nie (vergelyk 6.2).

Hierdie stelsel dat die verskillende groepe van die bevolking nie kon saam skoolgaan nie, het bly voortbestaan deur die tydperk van trekke om nuwe weiveld te soek, deur die Groot Trek sowel as die periode van die Republieke tot met Uniewording (1910), Republiekwording (1961) en daarna. Die hele apartheidsstelsel wat in die Unie ontstaan het, was gebaseer op die beginsel dat swart en gekleurde mense apart moes ontwikkel (Coetzee, 1963:283; Behr, 1984:173; Grobbelaar, 1992:20).

Daarom het die Onderwyswet van 1953 van die Nasionale Party-oorheerste regering, bepaal dat die swart mense opgelei moes word om in hulle eie gemeenskappe diensbaar te wees (Mogomba & Nyaggah, 1980:65,70). Die voorstelle van die *Eiselen-kommissie* (1951) was dat alle onderwys onder die beheer van die staat moes kom.

Die volgende verandering in die onderwysbeleid het gekom met die voorstelle van die *De Lange-kommissie* (1981). Hierdie Kommissie het 'n nuwe beleid voorgestel, naamlik dat aan alle bevolkingsgroepe gelyke geleenthede in die onderwys gegun moes word (Marcum, 1982:118; Mncwabe, 1990:46,47). Die Grondwet van 1983 het egter vasgelê dat onderwys as “eie sake” hanteer sou word en nog steeds verdeel sou wees in vyf departemente (Behr, 1984:364).

Volgens die nuwe Grondwet van die RSA (1996) sal daar nie teen 'n persoon gediskrimineer word op grond van ras, geslag, etniese oorsprong, kleur, ouderdom, gebrek, godsdiens, kultuur of taal nie. Enige persoon is byvoorbeeld geregtig om op eie onkoste 'n onafhanklike inrigting te skep en te onderhou, solank dit nie diskrimineer op grond van ras nie (Desai, 1997:171).

6.4 DIE WYSE WAAROP KULTURELE VERANDERLIKES IN DIE ONDERWYSSTELSEL BEHARTIG IS

Kulturele veranderlikes is op verskeie uiteenlopende wyses in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel hanteer. Hieronder word kortliks hierop ingegaan.

6.4.1 Aparte onderwys

“Education does not exist in a vacuum, but in a social, economic and political context. Education reflects political and economic realities, and fundamental change in education is dependent on changes in society, politics and economic life”, aldus Mncwabe (1990:60).

Aanvanklik was die eerste onderwys aan die Kaap die Goeie Hoop godsdiensoonderrig vir die leerders van die blanke koloniste sodat die leerders in die kerk belydenis van geloof kon aflê. Gewoonlik was die predikante dan die opvoeders (Behr, 1984:4; Coetzee, 1963:3; Kumar, 1991:59). Die eerste werklike skool is baie gou na die aankoms van Jan van Riebeeck, reeds in 1658, in die Kasteel opgerig vir die kinders van die slawe. Vanaf 1663 was die skool uitgebrei sodat die leerders van die blanke/immigrante/koloniste dit ook kon bywoon - met ander woorde, al die kinders van die inwoners van die Kaap die Goeie Hoop: blank sowel as gekleurd. Die eerste keer dat kleur- of rassessekering in die onderwys ter sprake kom, was toe kommissaris Van Rhee in 1676, op aandrang van die kerk, skeiding op grond van velkleur gemaak het (Coetzee, 1963:406; Leonie, 1965:48).

Die blanke immigrante-/koloniste-gedeelte van die bevolking, wat periodiek weggetrek (18de eeu) het van die Kaap, het onmiddellik verantwoordelikheid vir die onderwys van hulle kinders aanvaar. Hoewel die slawe se kinders in die Kasteel onderwys ontvang het, is daar nog nie voorsorg getref vir die onderwys van die inheemse/swart groepe waarmee die trek-kende “Boere” in aanraking gekom het nie. Sendelinge het stadigaan begin om die Westerse vorm van onderwys onder die swart en gekleurde groepe aan te bied. Volgens Luthuli (1981:4) was die onderwys “...a continuous period of adaptation to, and modification of the new adopted culture,...”. George Schmidt van die Morawiese Sending het in 1737 hiermee begin by Genadendal (Coetzee, 1963:21; Leonie, 1965:51; McKerron, 1934:158). Hierdie toedrag van sake, naamlik dat die kerke vir die onderwys van die swart en gekleurde groepe verantwoordelik was, het tot in die middel van die 20ste eeu voortgeduur (Coetzee, 1963:40; Behr, 1984:173; Pells, 1954:130). Die gevolg was dat die verskillende bevolkingsgroepe nooit werklik saam skoolgegaan het vóór 1994 nie.

Toe die blanke/immigrante/koloniste in die trekpad geval het na die verre noorde (1837-1838), weg van die Britse regering af, is onderwys nie verwaarloos nie. Ouers, saam met die kerke, het onderwys op die een of ander manier aan die blanke leerders besorg soos dit gepas het by omstandighede (Dreyer, 1988:53; Grobbelaar, 1992:20; Kumar, 1991:59). Die sendelinge het steeds die onderwys vir die inheemse/swart en gekleurde groepe voortgesit.

In die Nuwe republieke in die noorde was onderwystoestande vir die blankes eeffe anders. Die Vrystaatse en Transvaalse regerings het verantwoordelikheid vir die onderwys van die blanke Trekker-/Boere-leerders van dié state aanvaar, maar n   tot dieselfde mate vir die ander groepe van die bevolking nie (Coetzee, 1963:283; Pells, 1954:47). In Transvaal, veral in Johannesburg, het die Engelssprekende gedeelte van die bevolking hulle eie onderwys gereel.

Gedurende die Tweede Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) is daar Kampskole gestig waar die leerders van die Boerebevolking/Afrikaners onderrig ontvang het, miskien meer en beter as wat in vredestryd die geval sou gewees het, omdat dit meer “georganiseerd” was. Nog gedurende die oorlog het E.B. Sargent, die Direkteur van Onderwys in Transvaal, saam met lord Milner begin met die implementering van 'n nuwe onderwysstelsel vir die blanke (Afrikaans- sowel as Engelssprekende) leerders (Behr, 1984:15; Coetzee, 1963:162; Pells, 1954:69). Nog steeds was daar geen sprake van swart en gekleurde onderwys van owerheidswa   nie, of van “gemengde” onderwys nie.

Mettertyd het meer sendinggenootskappe belang gestel om te help met die onderwys van die inheemse en gekleurde leerders. Sendinggenootskappe soos die Morawiese en Londense Sendinggenootskappe was werksaam in die swart en gekleurde onderwys. Ander, soos die Wesleyaanse, Berlynse, Paryse, Glasgowse en die Amerikaanse Sendinggenootskappe het by hulle aangesluit, met die gevolg dat onderwys vir die swart en gekleurde leerders al hoe meer uitgebrei het (Behr, 1984:173,175; Harley, 1992:35).

Die onderwysbeleid van die regering het stadig maar seker ontevredenheid onder die swart en gekleurde groepe veroorsaak. Een van die oplossings vir die probleem was om vir die onderwys vir swartes 'n Departement van Bantoe-onderwys te stig (1954), met 'n sekretaris wat verantwoordelik was aan die Minister van Bantoesake. Hoewel hierdie reorganisasie van die onderwys van regeringswa   was, was die sendingskole teen 1950 nog die ruggraat van die swart en gekleurde onderwys (Pells, 1954:109). Kleurlingonderwys het eers n   1963 die verantwoordelikheid van die staat geword.

Onder die Indiërs was daar 'n aantal Moslemskole (moskeeskole) wat nie staatsondersteun was nie, en die gees van die skool het afgehang van die godsdienstige gesindheid van die leerlinge en die ouers (Behr, 1984:267,176). Nog steeds is onderwys vir die verskillende bevolkingsgroepe egter apart gereël.

In 1935 is 'n interdepartementele ondersoek na onderwys vir swartes geloods onder leiding van W.T. Welsh. Die ondersoek het onder andere bevind

- dat staatshulp aan blanke skole groter was as dié aan swart en gekleurde skole,
- dat die standaard van swart en gekleurde skole grootliks verskil het van dié van die blanke skole, en
- dat ongeveer 70% van alle swart en gekleurde leerders van skoolgaande ouderdom nie aan enige skool verbonde is nie.

Die voorstel dat meer fondse aan swart en gekleurde onderwys bestee word, is as onprakties beskou. In 1951 is die *Eiselen-kommissie* aangestel om aanbevelings te maak oor onderwys in die land. Die aanbevelings wat aanvaar is, is vervat in die Bantoe-onderwyswet (SA, 1953) wat byvoorbeeld bepaal het:

- dat die beheer van onderwys vir swartes aan die sentrale regering oorgelaat moes word, en
- dat moedertaalonderrig ten minste tydens die primêre skooljare sou ingestel word.

Dit lei tot sekere veranderinge soos:

- die totstandkoming van die Departement van Naturellesake in 1954;
- die plaas van Kleurling-onderwys onder die Departement van Kleurlingsake vanaf 1963;
- die plaas van onderwys vir Indiërs onder die beheer van die Departement van Indiër-sake ná 1965 (Meier, 1994:161).

Die onderwys vir alle swart en gekleurde groepe het vanaf 1976 begin verval, as gevolg van opstande deur die leerders teen die destydse onderwystoestande en die politieke situasie in die land. Die beswaar was nie soseer teen die kerkskole nie, maar teen die hele stelsel van onderwys vir die swart en gekleurde groepe (Graham-Brown, 1991:155; Marcum, 1982:74).

In 1979 het die *Wet op Onderwys en Opleiding* (SA, 1979) die 1953-wet vervang. Dié nuwe wet het meer fondse beskikbaar gestel vir swart en gekleurde onderwys. Ook was Afrikaans en Engels nie meer as voertaal afgedwing nie (Meier, 1994:161,162). Die *De Lange-kommissie* (1981) moes 'n nuwe onderwysbeleid vir die RSA voorstel. Hierdie verslag het voorgestel dat 'n nuwe onderwysbedeling tot stand gebring moes word om die implementering van die beginsel van gelyke onderwysgeleenthede vir alle inwoners van die land moontlik te maak. Die verslag was getiteld *Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika*, en het gestalte gekry in die *Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys-sake*, 76 van 1984 (Marcum, 1982:118; Mncwabe, 1990:46,47).

Die Grondwet van 1983 het bepaal dat onderwys op alle vlakke as eie saak hanteer moes word en binne die partikulêre lewensbeskouslike en kulturele raamwerk van die betrokke gemeenskap moes plaasvind. “Eie sake” word deur Behr (1984:364) gedefinieer as sake wat spesifiek te doen het met 'n bevolkingsgroep om sy identiteit te bewaar en sy kultuur te bevorder. Hiervolgens is daar vyf onderwysdepartemente met uitvoerende gesag bekleed, naamlik:

- die Departement van Nasionale Opvoeding (algemene onderwyssake),
- die Departement van Onderwys en Kultuur, Volksraad (blanke onderwys as “eie saak”),
- die Departement van Onderwys en Kultuur, Huis van Afgevaardigdes (Indiër-onderwys as “eie saak”),
- die Departement van Onderwys en Kultuur, Huis van Verteenwoordigers (Kleurling-onderwys as “eie saak”) en
- die Departement van Onderwys en Opleiding (onderwys vir swartes binne die grense van die RSA).

Elke kultuurgemeenskap het dus sy onderwys as eie saak gehad. Daar was vir elkeen 'n gesentraliseerde substruktuur wat bekend gestaan het as die Uitvoerende Departement van Onderwys, met 'n Minister van Onderwys en Kultuur aan die hoof, bygestaan deur 'n Direkteur-Generaal en 'n Uitvoerende Direkteur. Dié substrukture sou die skole van 'n spesifieke bevolkingsgroep of kultuurgemeenskap beheer en bedien (Meier, 1994:179).

Die bevoegdhede van die Minister van Nasionale Opvoeding was onder andere om deur middel van 'n kennisgewing in 'n *Staatskoerant* die algemene beleid te bepaal, om salarisse en diensvoorwaardes af te kondig en norme en standaarde vir sillabusse en eksaminering bekend te stel (Meier, 1994:185).

In 1990 het onderwys vir blankes 'n nuwe fase betree. Hierdie skole kon nou swart en gekleurde leerlinge toelaat. Om dié rede is drie bykomende skoolmodelle toegelaat sodat gemeenskappe wat groter verantwoordelikheid vir die bestuur van hulle skole wou verkry, die geleentheid daartoe gebied is. Hierdie modelle het ook bekend gestaan as die “Clase-modelle”, na aanleiding van die toenmalige Minister van Onderwys, Eie Sake vir blankes, minister Piet Clase.

- Model A: Hierdie skool kon 'n staatskool wees wat omgeskakel is na 'n privaatskool.
- Model B: Dit was 'n staatskool wat sy eie toelatingsvereistes kon vasstel.
- Model C: Dit was 'n staatskool wat omgeskep kon word in 'n staatsondersteunde skool.
- Model D: Die *status quo* word gehandhaaf, dit wil sê die bestaande onderwysvoorsiening sou voortgesit word.

Volgens dié bedeling sou die skole steeds onder die Departement vir blanke onderwys sorteer, moedertaalonderrig (Afrikaans en Engels) sou van krag bly en onderwys sou steeds op 'n Christelik-nasionale basis gefundeer wees (Meier, 1994:176).

Omdat swart leerders reeds van 1976 nie effektief onderwys ontvang het nie, het die ouers van Soweto in 1983 die *Parents' Crisis Committee* gestig, wat later die *National Education Crisis Committee* geword het, en 'n alternatiewe onderwysstelsel vir die swart leerders geskep het, naamlik die *People's Education* (Morrow, 1989:137; Viljoen, 1994, 117,119). Hiermee is 'n verkose ouer-, leerder- en onderwyservereniging in die lewe geroep om demokratiese beginsels uit te leef. *People's Education* stel groepe en individue in staat om beheer oor hulle eie lewens uit te oefen op 'n verantwoordelike manier deur ook alternatiewe oplossings in ag te neem (McKay & Romm, 1992:103).

Na die landswye demokratiese verkiesing van 1994 het die nuwe tussentydse Grondwet van 1996 bepaal dat almal die reg tot basiese onderwys het, en dat die staat voorsiening moet maak dat basiese onderrig vir almal beskikbaar is. Die staat se taak is dus om geboue, boeke en onderwysers te voorsien. Die Skolewet (1996) se doel is om 'n nuwe nasionale onderwysstelsel te skep waardeur almal so ver moontlik gelyke geleenthede moet hê. Daarom kan daar geen onregverdigde diskriminasie in die onderwysstelsel toegelaat word nie (Potgieter *et al.*, 1997:5,6).

Onderwys in die apartheidsstelsel was dus 'n vorm van akkulturasie omdat die swart en gekleurde groepe moes inskakel “by die geld-ekonomie van die blanke-Westerlinge, hoewel hulle getallegewys 'n meerderheidsgroep gevorm het, ...” (Van der Walt, 1994:121).

6.4.2 Assimilasie/akkommodasie/integrasie

Onderwys vir die gekleurde groepe het reeds in die Kasteel begin (1658), en later is die res van die bevolking se leerders daarby toegelaat, met ander woorde akkulturasie en assimilasie het reeds hier begin, want die slawe moes leer aanpas by die Westerse waardes en norme. Die boere, wat die binneland ingetrek het op soek na weiveld, het gesorg dat hulle leerders geletterd raak. Die sendelinge het begin met onderwys vir die ander groepe soos die Hottentotte by Genadendal (1737). Omdat die sendelinge Westerlinge was, moes die gekleurde groepe steeds in die 18de eeu met die proses van assimilasie en akkulturasie voortgaan (Coetzee, 1963:283; Behr, 1984:173; Grobbelaar, 1992:20).

Op die pad van die Groot Trek het die blanke ouers nog steeds gesorg vir die onderwys van hulle leerders en het die gekleurde/ swart groepe wat in die binneland was, ook aangegaan met hulle eie inisiasieskole. In die Kaap het die sendelinge nog steeds die onderwys van die gekleurde/inheemse groepe waargeneem. Die gevolg hiervan was dat die gekleurde/inheemse groepe so ver moontlik moes assimileer en akkultureer omdat hulle finansieel van die blankes afhanklik was en daarom by hulle moes aanpas. Dié toestand het in die Republikeinse en die Unie-tydperk voortgegaan ondanks die aparte onderwysvoorsiening in die land vir die verskillende bevolkingsgroepe (Coetzee, 1964:283; Behr, 1984:15,173; Kumar, 1991:59). Die proses van akkulturasie/assimilasie/segregasie in die onderwys het aangegaan tot met die opstande in die onderwys vanaf 1976 (Graham-Brown, 1991:155; Marcum, 1982:74).

Tot in die tagtigerjare van hierdie eeu (20ste) kon Suid-Afrikaanse onderwys as rassisties en etnies-georiënteerd beskou word, en die dominante kultuur in die onderwys was dié van die Weste. Dit is beëindig met wat Viljoen (1994:80) as die “slagveld” van die onderwys bestempel - skoolboikotte, wegbly-aksies en straatbetogings. Hierdie toestande het gelei tot 'n skaakmat-situasie in die onderwys waar die regering nie hervormings kon stuit nie, maar die opposisie ook nie die regering kon oorneem nie (Viljoen, 1994:114). Die gevolg hiervan, op onderwysgebied, was dat onderwys vir swartes en gekleurdes effektief tot stilstand gekom het.

Hoewel die meeste skole in Suid-Afrika in die toekoms oorwegend swart sal wees, sal daar tog ruimte wees vir nie-rassige en/of multikulturele skole. Dit sal die taak van die staat wees om toe te sien dat almal “gelyk” behandel word. Die probleem wat dan ontstaan, is wat presies hierdie “patroon” van die samelewing is of moet wees, want “...education must fit into the pattern of society's present-day plans and aspirations” meen Luthuli (1981:15).

Om in die voorsiening van behoeftes “gelyk” behandel te word, kan meebring dat kultuurverskille oor die hoof gesien word, en almal sal moet konformeer deur middel van assimilasië/akkommodasië/integrasië (Van der Walt, 1994:125).

Die proses kan ooreenkom met pogings tot assimilasië, integrasië en akkommodasië in die VSA, wat aanvanklik as die oplossing vir die hantering van diversiteit van kulture gesien is (vergelyk 3.5.1, 3.5.2). Sulke pogings was ongelukkig nie baie suksesvol in die VSA nie; dus is die prognose vir sukses ook nie baie belowend vir Suid-Afrika nie.

6.4.3 Sosiale rekonstruksie

Die “nuwe” onderwysbeplanning sedert 1994 kan moontlik gesien word as 'n vorm van sosiale rekonstruksie (vergelyk 2 3.7). Dit is nie 'n nuwe gedagte dat die skool sosiale probleme moet oplos nie. Daarom sal die nuwe onderwysbeleid in die nuwe Suid-Afrika deel vorm van die sosiale rekonstruksie- en heropbouplanne (HOP) van die nuwe Regering. In die Witskrif oor die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (SA, 1995/1996) beoog die Regering onder andere:

- om te voldoen aan die basiese behoeftes van die bevolking,
- om menslike bronne te ontgin,
- om die ekonomie op te bou en
- om die staat en samelewing te demokratiseer.

Daar word beplan om die leerlinge op te lei as landsburgers om die samelewing te rekonstrueer sodat ook minderheidsgroepe soos vroue en gestremdes, sowel as die “onderdrukte” meerderheidsgroep “gelyke” kanse kan kry (Coutts, 1992:35; Sleeter, 1991:210). In Suid-Afrika is die onderdrukte groepe (wat kleur aanbetref) die meerderheidsgroepe en die bevoorregtes die minderheid. Dit maak dat toestande in Suid-Afrika verskil van byvoorbeeld dié van die VSA, maar ooreenkom met dié van Kenia. Almal “...(should) have access to and succeed in life long education and training of good quality”, aldus Bengu (1996:1). Ook moet alle beskikbare bronne dan herverdeel word sodat die bevolking meer “gelyk” kan wees.

Volgens die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk* (NKR) moet die rekonstruksie die volgende oplewer: die land moet wees “A prosperous, truly united, democratic and internationally competitive country with literate, creative and critical citizens leading productive, selfful-filled lives in a country free of violence, discrimination and prejudice” (Van Rensburg, 1997:2).

Die Onderwyswet (1996) bepaal dat om ten volle te ontwikkel dit elke burger se reg is om basiese onderwysgeleenthede te verkry, en hiervoor is die staat verantwoordelik (Potgieter *et al.*, 1997:5). Daarom moet elke leerder die belangrikheid van die volgende besef (Van Rensburg, 1997:4; Sleeter, 1991:210):

- Hy moet oor 'n verskeidenheid van strategieë kan besin, en dit ook kan ondersoek ten einde effektief te leer.
- Hy moet as verantwoordelike burger kan deelneem aan die lewenswyse van plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskappe.
- Hy moet kultureel en esteties sensitief wees vir 'n verskeidenheid van sosiale kontekste.
- Hy moet sy onderwys- en beroepsgeleenthede kan ondersoek.
- Hy moet sy entrepreneursgeleenthede ontwikkel.

Om bogenoemde te kan doen, is dit nodig dat die onderwys aan die leerlinge die onderstaande sal voorhou:

- Hulle sal leer om probleme te identifiseer.
- Hulle sal leer om effektief saam met ander te werk.
- Hulle sal leer om op 'n verantwoordelike wyse te organiseer en te bestuur.
- Hulle sal leer om inligting te versamel, te analiseer, te organiseer en krities te evalueer.
- Hulle sal leer om effektief te kommunikeer.
- Hulle sal leer om die wetenskap en tegnologie effektief te gebruik, en verantwoordelikheid teenoor die omgewing en andere te toon.
- Hulle sal 'n begrip ontwikkel vir die wêreld as 'n eenheid.
- Hulle sal leer verstaan dat hulle wesens met 'n geestelike sy is wat moontlik aan 'n geloof kan behoort (Van Rensburg, 1997:3,11).

Om hierdie doel te bereik, sal die gedeelte van die bevolking wat as gevolg van swak behuising, onvoldoende kinderversorging, armoede, groot families en wanvoeding as agter-

geblewenes beskryf word, aangehelp moet word deur regstellende aksie, akademiese ondersteuning, oorbruggingskursusse en tweedetaalonderrig (Coutts, 1992:35,93).

Daarom is dit onder meer die doel van *GEAR (Growth, Employment and Redistribution Programme)* (Strategie vir Ekonomiese Groei, Werkverskaffing en Herverspreiding van welvaart) (SA, 1996) om:

- die onderwys te verbeter,
- kinders langer op skool te hou,
- uitslae te verbeter in vakke soos wetenskap en wiskunde,
- die kurrikula te hersien,
- desentralisasie van onderwysbeheer te organiseer,
- onderwysopleiding te hersien,
- 'n kultuur van leer te skep,
- skoolgeboue te verbeter en
- om die omstandighede van die agtergeblewenes te verbeter (SA, 1996).

6.5 ENKELE KONKLUSIES NA AANLEIDING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ERVARING MET DIE HANTERING VAN KULTURELE VERSKILLE IN DIE ONDERWYS (INSLUITENDE WAARNEMINGS IN VERBAND MET ONDERWYSVOORSIENING WAT AS WAARDEVOL GEAG EN DUS BEHOU MOET WORD - EN OMGEKEERD)

- Die aanvanklike oogmerk van onderwys vir blankes was die vermoë om die eie Bybel te kan lees, soos deur die Calvinistiese leer vereis.
- Die ouers van die blanke leerders het aanvanklik self die verantwoordelikheid geneem vir hulle leerders se onderwys, veral om te sorg dat die leerders voorberei word om in die kerk belydenis van geloof af te lê.
- Die kerke is prakties deur die lidmate gedwing om die ouers by te staan om onderwys vir hulle leerders te verseker.
- Ook die inheemse ouers het in stamverband, deur die inisiasieskole, vir die onderwys van hulle leerders gesorg.
- Die kerke het 'n Westerse vorm van onderwys aan gekleurdes voorsien. Op dié wyse is die Westerse kultuur as dominant gevestig in die Suid-Afrikaanse huishouding.
- Omdat die kerk en skool so belangrik vir kultuuroordrag is, is juis hierdie twee instellings in Suid-Afrika deur die Britse oorwinnaar gebruik vir verengelsing.

- Die verwaarlosing van die kultuur van die swart en gekleurde groepe vir baie eeue, het hierdie kulture nie vernietig nie.
- Die ontstaan van universiteite vir die swartes en gekleurdtes het hulle 'n geleentheid gebied om te agitêr teen die apartheidsbeleid en om die eie kultuur en identiteit te bewaar en uit te bou tot 'n dinamiese krag in die samelewing.
- Nadat die ANC in 1994 aan bewind gekom het, was dit een van sy take om 'n eenvormige onderwysstelsel, wat almal tevrede sou stel, te skep. Die gevaar van 'n nivellering of gelykmakingstendens in die onderwys is nie denkbeeldig in sulke pogings nie.
- Blanke kinders het feitlik onbeperkte onderwysgeleenthede gehad, wat 'n gevolg van hulle histories bevoorregte posisie was.
- Apartheidsonderwys het veroorsaak dat een groep minder bevoorreg as 'n ander groep gevoel het, en die gevolg was dat die ontevredenheid in die onderwys uiteindelik gebruik kon word as politieke wapen teen die regering van die dag.
- Apartheidsonderwys, soos in Suid-Afrika toegepas, het beslis ongelykheid in die onderwys meegebring. Met ander woorde, as apartheidsonderwys toegepas word moet sorg gedra word, dat alle leerders gelyk behandel word.
- Apartheidsonderwys, soos uitgevoer in Suid-Afrika, het veroorsaak dat die land uiteindelik 'n gebrek aan opgeleide werkers gehad het.
- Pogings tot assimilasie, akkommodasie en sosiale rekonstruksie kan meebring dat daar meer gelykheid in die samelewing sal wees. Dit sal 'n groter mate van tevredenheid skep onder die bevolkingsgroepe, sodat rus en vrede binne die staatsgrense kan heers.
- Sosiale rekonstruksie kan in 'n land soos Suid-Afrika probleme veroorsaak omdat juis die meerderheid gelyk gemaak moet word aan die minderheid. Die gevolg is dat die minderheid meer opofferinge sal moet maak. Dit kan lei tot grootskaalse ontevredenheid.

6.6 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

“Schooling systems operate within the framework of political structures...”, sê Morrow (1989:1). Hiervolgens sou onderwys tot op hede in Suid-Afrika “anders” optree teenoor die swart en gekleurde groepe - omdat dit in die breë volkspolitiek gedoen is. Sake is egter vinnig besig om te verander. Ook Suid-Afrika is besig om aan te pas by die wêreldfilosofie dat alle mense moet leer om saam te leef en alle vooroordeel en selfsug moet vermy. Daarby moet gepoog word om in elke individu se daaglikse behoeftes te voorsien, soos om voedseltekorte

uit te skakel en armoede en werkloosheid te oorwin (Mncwabe, 1990:62). Onderwys moet daarom 'n “futures”- eerder as 'n “conservation”-aktiwiteit word (Mncwabe, 1990:62).